



SANSSU

Suid-Afrikaanse Nasionale Skolesskuttersunie
South African National Schools Shooters Union

PRESIDENT:
PIETER STRYDOM
SEL NO/CELL NO: 083 228 8542
E-POS/EMAIL: president@sanssu.co.za

SEKRETARESSE/SECRETARY:
LUCINDA DU PLESSIS
SEL NO/CELL NO: 083 262 5270
E-POS/EMAIL: sekretaresse@sanssu.co.za

Verwysing : Skrywe POPI-01

26 Januarie 2022

Geagte Provinsiale Voorsitters en Onder Voorsitters
Per e-pos

NAKOMING VAN POPI wetgewing

Ek verwys na ons 2021 Bosberaad besprekings rondom die nakoming van die POPI wetgewing.

Ons UK-lid vir Beleide, Dissipline en Wetlike Aspekte, Joggie Swanepoel, het twee vorms saamgestel vanuit FEDSAS dokumentasie wat ons deurgewerk en aangepas het. Baie dankie aan Joggie.

Die volgende dokumente/vorms, in Word-formaat, is aangeheg vir u aandag en voltooiing deur die ouers van skuts:

1. Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 rev2
2. SANSSU POPI vrywaring rev2

Die vorms kan ook deur die skole gebruik word deur die provinsie en skool se name in te vul in die vorms (met blou gemerk).

Let wel : Indien die eerste vorm (Toestemmingsvorm) nie ingevul word nie, of later teruggetrek word, sal die skut(s) voortaan of daarna nie meer kan deelneem aan enige SANSSU aktiwiteite nie.

Indien die tweede vorm (Vrywaringsvorm) nie ingevul of herroep word, sal die skut(s) se prestasies en tellings en gepaardgaande foto's of video's voortaan nie meer gepubliseer word nie. By implikasie beteken dit dat die skut(s) nie deel gaan wees van prysuitdelings en kies van spanne nie, want die skut(s) se tellings is nie openbaar nie.

Tesame met die vorms moet elke provinsie ook die volgende sake dringend aanspreek:

1. Elke provinsie se persoon/persone wat met die skuts se inligting werk, moet registreer as 'n informasie offisier en adjunk informasie offisier. Dit is byvoorbeeld die statistikus en sekretaris/resse en/of die persoon wat die afiliaties doen in elke provinsie met elke provinsie se klem wat kan verskil wie is aan hoof daarvan.

Die registrasie neem ongeveer 15 minute om te voltooi by die volgende skakel:
<https://www.justice.gov.za/infoereg/portal.html>


Op die oomblik is die digitale registrasie van lyn af, maar mens kan nog die vorms aflaai, invul en na die e-pos op die skakel stuur. Of die regering dit registreer is 'n ope vraag, maar solank ons net 'n papierspoor het om te bewys dit is gedoen.

2. Net die informasie offisier/adjunkte mag met die inligting en data van die skuts en ouers werk. Wat belangrik is, is dat die rekenaar/skoot rekenaar waarop die inligting gestoor word, sekuriteits beskerming moet hê:
 - i) Minimum vereistes is dat die rekenaar/skoot rekenaar moet beskik oor 'n antivirus en netskans wat op datum gehou moet word.

- ii) Verder ook belangrik, is dat as 'n rekenaar by byvoorbeeld 'n oop kantoor of kompetisie sonder toesig gelaat word, al is dit net vir 'n oomblik, moet dit gesluit word deur welke sekuriteits meganisme (wagwoord, duimdruk, gesigsskandering, ens.), m.a.w. iemand anders mag nie ongesiens toegang tot die databasis geniet nie.
 - iii) Gereelde rugsteun moet gedoen word en dit moet veilig weggesluit of geberg word waar dit nie maklik deur enigiemand bekom kan word nie (in 'n kluis, aanlyn gestoor, ens.).
3. Met die SANSSU affiliasie proses sal elke provinsie se persoon verantwoordelik vir die affiliasies, 'n verklaring aflê en teken dat die twee betrokke vorms deur elke skut se ouer voltooi is en 'n oorspronklike afskrif op rekord is by hetsy die skut se skool of die provinsie. Die verantwoordelikheid om die nodige Toestemmings- en Vrywaringsvorme te verkry berus dus by elke provinsie en word SANSSU gevrywaar om dit in plek te kry.

Ek vertrou dat u bogenoemde in orde sal vind, maar is beskikbaar indien u verdere vrae het of inligting benodig.

Groete.
Die uwe



SANSSU PRESIDENT